

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

In hoofstuk een is die doel van hierdie studie uiteengesit, naamlik om vas te stel wat die aard en omvang van kommunikasievrees van Afrikaanssprekende hoërskoolleerlinge is en of daar 'n verband tussen hierdie kommunikasievrees en hul skolastiese prestasie is.

Bogenoemde doelstellings word in hierdie hoofstuk bespreek en daar sal gekyk word of die navorsing die gestelde probleemvrae kon beantwoord. Verder sal daar bepaalde gevolgtrekkings gemaak word en moontlike verklarings sal gegee word.

5.2 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Om die verband tussen die kommunikasievrees van die Afrikaanssprekende hoërskoolleerlinge en hul skolastiese prestasie te kon bepaal, was dit eers nodig om kommunikasie in die algemeen te bespreek en klaskamerkommunikasie te omskryf. Verder is die verband tussen onderrig en klaskamerkommunikasie in hoofstuk twee aangetoon. Die faktore wat hierdie klaskamerkommunikasieproses in die wiele kan ry, is oorsigtelik bespreek waarna kommunikasievrees as remmende faktor uitgelig is omdat dit die onderrigleerproses grootliks beïnvloed.

In hoofstuk drie is daar in meer detail ondersoek ingestel na kommunikasievrees as verskynsel. Die negatiewe effek wat kommunikasievrees op die onderrigleergebeure het, is ook uitgelig. Moontlike wenke vir die voorkoming en die oorkoming van kommunikasievrees in die klaskamer is ook aangedui.

'n Empiriese ondersoek na die verband tussen die kommunikasievrees van die Afrikaanssprekende hoërskoolleerling en hul skolastiese prestasie is in hoofstuk vier gedoen. Die volgende samevattende gevolgtrekkings volg hieruit:

- Met die meting van die leerlinge se kommunikasievrees is gevind dat 15,9% van die leerlinge beskou kan word as leerlinge met 'n hoë mate van kommunikasievrees. Dit stem ooreen met wat McCroskey (1977a:28) in Amerika gevind het, naamlik dat tussen 15 en 20 persent van leerlinge 'n hoë mate van kommunikasievrees ervaar.
- Wat die vlak waarop Afrikaans geneem word betref, is gevind dat leerlinge wat Afrikaans op standaardgraad neem se kommunikasievrees in elke konteks (behalwe vir die hou van openbare toesprake) die hoogste was, terwyl die hoërgraad leerlinge se kommunikasievrees weer in elke konteks die laagste was. In paragraaf 3.7 van hoofstuk drie is aangetoon dat daar 'n negatiewe korrelasie bestaan tussen akademiese prestasie en kommunikasievrees. Leerlinge wat akademies swakker presteer word aanbeveel om hul vakke op standaardgraad te neem. Die vraag kan nou gevra word of hul relatief hoë kommunikasievrees nie 'n bydraende faktor tot hul swakker akademiese prestasie is nie, of andersom veroorsaak hul swakker prestasie nie 'n toename in hul kommunikasievrees nie?
- Wat die leerlinge se gemiddelde skolastiese prestasie en hul prestasie in Afrikaans betref, het in beide gevalle die leerlinge waarvan die prestasie in die interval 0% - 49% val die hoogste mate van kommunikasievrees. Die leerlinge waarvan die prestasie in die interval 80% - 100% val, het in elke konteks die laagste mate van kommunikasievrees. Hierdie bevindings strook weer eens met die negatiewe korrelasie tussen akademiese prestasie en kommunikasievrees wat in paragraaf 3.7 bespreek is.

Uit die bostaande bevindings is dit duidelik dat albei die doelstellings, naamlik wat die

aard en omvang van kommunikasievrees van die Afrikaansprekende hoërskoolleerlinge is en wat die verband tussen hierdie leerlinge se skoolastiese prestasie en hul kommunikasievrees is, bereik is.

5.3 AANBEVELINGS

- Alle onderwysers moet bewus gemaak word van kommunikasievrees as verskynsel en die negatiewe effek wat dit op die onderrigleergebeure het, asook hoe om hierdie vrees by leerlinge te probeer voorkom en oorkom. Deur byvoorbeeld seminare by skole aan te bied, kan onderwysers tot die besef kom van die groot invloed wat hulle handeling op die leerlinge se kommunikasievrees het.

5.4 VERDERE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE

- Navorsing aangaande kommunikasievrees moet voortgesit word, om ook leerlinge van primêre skole in te sluit, veral aangesien 'n hoë mate van kommunikasievrees in die vroeë vormingsjare van die kind ontwikkel.
- Verdere navorsing moet gedoen word om te probeer vasstel waarom sekere leerlinge 'n hoë mate van kommunikasievrees ervaar.
- Opleidingsprogramme moet ontwikkel word om praktiserende onderwysers in staat te stel om die onderrig so te laat plaasvind dat die leerlinge met 'n hoë mate van kommunikasievrees ook maksimaal daarby sal baat.
- In die Nuwe Suid-Afrika met sy multikulturele onderwysstelsel, behoort daar ook navorsing gedoen te word aangaande kommunikasievrees in die multikulturele klaskamer en hoe die kommunikasievrees van leerlinge deur so 'n situasie beïnvloed word.